

VOORLEGGING AAN KABINETSKOMITEE INSAKE STEDELIKE SWARTPOLITIEKE REGTE

## 1. INLEIDING

As sosiaalwetenskaplikes met 'n belangstelling in die politiek reageer ons graag op die ope uitnodiging tot voorleggings aan die Kabinettskomitee.

Die voorlegging se uitgangspunt is dat daar knelpunte en behoeftes in die samelewing bestaan wat dringende aandag verdien. Verder meen ons dat ten einde 'n stelsel te skep wat voldoen aan die vereistes van stabilitet en sosiale geregtigheid, moet die hervormingsproses self legitiem wees.

Die Staatspresident het by verskeie geleenthede daarop gewys dat die geregtigheidsgedagte sterker in die politiek beklemtoon behoort te word. By die Kaapse Kongres van die Nasionale Party in 1984 het Minister Chris Heunis hom hierby aangesluit toe hy na die burgerregte en nasionaliteitsprobleem van die Swartmense verwys het. Hieruit wil ons aflei dat die Regering oortuig is van die noodsaak van die herstrukturering van die politieke posisie van die Swartes in Suid-Afrika.

Die politieke verdraagsaamheid van stedelike Swartes het 'n laagtepunt bereik (en dit kan waarskynlik nie veel laer

nie); hoofsaaklik weens : Blanke paternalisme en die uitsluiting van Swartes uit die besluitnemingsproses. Deelname aan die besluitnemingsprosesse (in watter vorm ookal) is vir alle mense 'n belangrike saak, maar antropologies gesien, is dit dié uitstaande beginsel in die Swart samelewing. Dit was nog altyd 'n samelewing wat tradisioneel in alle opsigte en in alle fasette deur konsensus gefunksioneer het.

'n Stadium is reeds bereik waar Swartes, sonder betekenisvolle beraadslaging met hulle, selfs die gunstigste konstitusionele model nie sal aanvaar nie. Aan die ander kant sal die Swartes waarskynlik bereid wees om hul eise aansienlik af te skaal indien hulle uit die staanspoor in die onderhandelingsproses betrek word.

Dit is gevolelik belangrik dat stedelike Swartes nie met 'n uitgewerkte model gekonfronteer word nie; dat konstitusionele hervorming konsentreer op 'n proses en nie op 'n model nie; en dat Swartes op 'n sinvolle wyse by die proses betrek word.

'n Nuwe konstitusionele model vir en namens Swartes ontwerp, sal nie die nodige legitimiteit geniet nie. Dit is ons oortuiging dat die meerderheid Swartes na vennootskaplike deelname aan besluitnemingsprosesse streef. Hierdie verbreding van politieke deelname kan na ons mening nie onafhanklik van die legitimiteitsprobleem handeer word nie.

## 2. LEGITIMATEIT EN KONFLIK

Volgens ons dui legitimateit op 'n gevoel by die lede van 'n samelewing dat die politieke stelsel, en veral die gesagstrukture, norme, waardes, besluitnemers en hul opotrede, wetlik moreel reg en aanvaarbaar is.

Legitimateit is 'n voorvereiste vir die oplossing van konflik. In terme van die Swart politiek is daar 'n duidelike beweging na 'n legitimateitskrisis wat kan uitloop op gewelddadige konflik.

Enige voorstelle vir 'n nuwe politieke bedeling vir die Swart groepe moet dus as voorvereiste die verhoging van die legitimateitsbasis stel. Onderstaande uitgangspunt is dan gerig daarop om veral dié deel van die vraagstuk te hanteer.

## 3. UITGANGSPUNTE

Ons uitgangspunte is daarop gerig om die uiteindelike grondwet van die meerderheid se steun te verseker. Die volgende aspekte is van belang:

- \* Die legitimateit van die hervormingsproses is van kardinale belang.
- \* Soos die regering aangetoon het met sy proses van

4

konstitusionele ontwikkeling vir Blank, Kleurling en Indiërs, is 'n Westminster-tipe bedeling nie toepaslik in Suid-Afrika nie.

- \* Daar behoort nader beweeg te word na 'n Afrika-georiënteerde proses vir die politieke hervorming in Suid-Afrika. Daar bestaan 'n Afrika-voorbeeld wat as nuttige raamwerk kan dien, naamlik dié van Nigerië (vergelyk punt 4 hieronder).
- \* Die proses van grondwetlike hervorming behoort sover moontlik gedepolitiseer te word.
- \* As gevolg van die praktyk wat daar gestel is (Presidentsraad), die algemene aanvaarbaarheid en ook die depolitiseringseffek daarvan, word die gebruik van bewese kundiges buite die aktiewe politiek in beginsel aanbeveel.

#### 4. DIE VOORBEELD VAN NIGERIË

In Oktober 1975 het die militêre regering van genl. Murtala Mohammed 'n vierjaarplan vir 'n terugkeer tot burgerlike regering in Nigerië aangekondig. Deel van die eerste van vyf fases was die aanstelling, in Oktober 1975, van 'n Constitutional Drafting Committee (CDC). Die CDC is 'n jaar gegee om 'n konsep-grondwet op te stel.

Die CDC het bestaan uit 50 lede, aangestel deur die militêre bewindhebbers. Sowat 'n derde van die lede het voor-

heen openbare ampte beklee. Elk van die twaalf deelstate van Nigerië is deur ten minste twee lede verteenwoordig. Volgens Mohammed is die lede benoem uit die gelede van "our learned men in disciplines considered to have direct relevance to constitution-making, namely history, law, economics and other social sciences, especially political science, and eminent Nigerians with some experience in constitution-making were brought in to complete the spectrum". Akademici en regsgleerde was inderwaarheid die twee dominante groepe op die CDC. Die voorsitter, hoofman F.R.A. Williams, was een van Nigerië se toonaangewende juriste.

Die militêre opperraad het sekere parameters vir die CDC se ondersoek voorgestel. Enige grondwet vir Nigerië behoort bv. te poog om "cut-throat political competition based on a system or rules of winner-takes-all" te vermy. Verder behoort mag as 'n saak van beginsel waar moontlik gedesentraliseer te word "as a means of diffusing tension".

Hierdie voorstelle kan as die CDC se informele opdrag beskou word. Alhoewel die CDC hom nie hieraan gebonde geag het nie, het sy aanbevelings nogtans binne al die belangrike parameters gevval. Die komitee se konsep-grondwet is in Augustus 1976 voltooi. Daarna is die dokument wyd gepubliseer en in die openbaar gedebatteer.

In Oktober 1977 is 'n indirek-verkose Constituent Assembly saamgestel om die konsep-grondwet te bespreek. Ook dié liogaam moes sy werk binne een jaar voltooi. Volgens een waarnemer was die Constituent Assembly "primarily a legitimizing body to put the stamp of popular approval on the work of the CDC". Die vergadering het dan ook min wesentlike veranderinge aan die konsep-grondwet voorgestel. In Junie 1978 het die Constituent Assembly sy voorlegging aan die militêre regering gemaak. Op sy beurt het die regering 'n aantal geringe veranderinge aangebring en die nuwe grondwet in September 1978 gepromulgeer, met inwerkingtreding op 1 Oktober 1979.

Die hele onderneming om 'n nuwe grondwet vir Nigerië op te stel het dus drie jaar geneem. In hierdie periode het die militêre regime geen partypolitieke aktiwiteite toegelaat nie; die verbod op partye is eers net voor die algemene verkiesing van 1979 opgehef. Die regering het dus gepoog om die proses van grondwetformulering buite die partypolitiek te hou en ook sover moontlik te depolitiseer ten einde legitimiteit te vestig.

#### 5. KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE STAATKUNDIGE POSISIE VAN SWARTES

Met bogenoemde uitgangspunte as vertrekpunt stel ons voor dat die opstel van 'n konstitusionele formule aan 'n Konstitusionele Kommissie, wat ondersoek instel na die konstitusio-

nele posisie van Swartes en aanbevelings aan die regering maak, opgedra word.

Omdat ons onself in hierdie voorlegging bederk tot die metode eerder as die eindproduk word hier besondere klem op die samestelling en werkswyse van die Kommissie gelê word.

Die gedagte van 'n Kommissie van deskundiges leun sterk op die voorbeeld van Nigerië. Die voorbeeld van Nigerië is besonder relevant omdat dit:

- \* Die invloedrykste staat in swart Afrika is;
- \* Die grootste bevolking in Afrika het en boonop een is met 'n besondere kulturele pluraliteit; en
- \* 'n Konstitusionele proses gehad het wat internasionaal aanvaarbaar was.

Só 'n Kommissie van ondersoek vind ook aansluiting by die praktyk wat reeds deur die regering neergelê is - Theron, Wiehahn, De Lange, ens.

Daar behoort neergelegde kriteria te geld vir die samestelling van so 'n Kommissie. Lede van 'n loodskomitee behoort vertroulik genader te word om die res van die

Kommissie saam te stel. Indien aktiewe dienende politici vermy word, word die probleem van proporsionaliteit ook vermy.

Die grootte van die Kommissie behoort vir doeleinades van koördinasie tot 50 lede beperk te word - soos in Nigerië. 'n Blank/Kleurling/Indiër komponent van nie meer as 15 lede nie behoort op die Kommissie te dien - omdat hierdie saak primêr die Swartes raak en sekondêr die Blankes, beweel ons hierdie samestelling aan.

Enkele ander kriteria wat behoort te geld by die samestelling is die volgende:

- \* Persone moet aansien in hul eie gemeenskappe hê;
- \* Persone moet uit gebiede kom waar groot konsentrasies Swartes woon;
- \* 'n Diversiteit van belanggroepes moet geakkommodeer word; en
- \* 'n Kundigheid uit verskeie terreine, waaronder konstitusionele kundigheid, moet gereflekteer word (vergelyk Nigerië).

Voordat die Kommissie aangestel word, behoort die rege-

ring 'n verklaring van voorneme uit te reik wat hulle reeds met die Kommissielede uitgeklaar het - die verkoopstegniek wat gebruik word in die proses is belangrik. Verder behoort die Kommissie so 'n wye opdrag as moontlik te hê, maar daar behoort 'n tydsbeperking op die afhandeling gestel te word. Daar word veronderstel dat in die opstel van sy verslag die Kommissie ook onderhandelinge met die kabinet sal voer.

Die volgende persone word voorgestel om as 'n loodskomitee 'n verdere 40 lede te benoem op die aangeduide riglyne:

#### LOODSKOMITEE

Adv. D.P. de Villiers (voorsitter)	Mnr. Joe Latakgomo
Prof. M. Wiechers	Mnr. Cyril Ramaphosa
Prof. B. Ranchod	Biskop Desmond Tutu
Mnr. F. Sonn	Prof. A.C. Nkabinde
Dr. Sam Motsuenyane	Dr. A. Ramphale

#### 6. AFHANDELING

Die Staatspresident mag by die ontvangs van die Kommissieverslag dit goed dink om dit aan sowel die Presidentsraad as die drie Huise van die Parlement voor te lê vir bespreking. Moontlik kan dit ook voorgelê word aan persone

soos die leiers van die Swart nasionale state; Swart plaaslike besture en ander instansies in Swart, Kleurling, Blanke en Indiërgemeenskappe - dit kan die legitimiteit verhoog.

#### 7. SLOT

Indien so 'n versoek gerig word, is die ondergetekendes bereid om die voorlegging in meer besonderhede uit te spel asook om mondelinge getuienis af te lê. Dit sou ook moontlik wees om in 'n opvolgmemo sekere basiese beginsels van die konstitusionele proses vir Suid-Afrika verder uit te spel.

#### OPSTELLERS

PROF. D.J. GELDENHUYSEN, DEPARTEMENT STAATSLEER, R A U.

DR. H.J. KOTZÉ, DEPARTEMENT STAATSLEER, R A U.

MNR. J.J. VAN WYK, DEPARTEMENT STAATSLEER, R A U.

MNR. I.D. DE VRIES, DEPARTEMENT STAATSLEER, R A U.

MEJ. S.J. BOOYSEN, DEPARTEMENT STAATSLEER, R A U.

PROF. J.C. KOTZÉ, DEPARTEMENT ANTROPOLOGIE, R A U.

bij 20  
A/C

## BRONNE

OYEDIRAN, O., Nigerian Government And Politics Under Military Rule, 1966-79, Macmillan, London, 1979.

PANTER-BRICK, K., Soldiers And Oil: The Political Transformation of Nigeria, Frank Cass, London, 1978.

PHILLIPS, C.S., National Integration In The Nigerian Transition To Civilian Government, African Studies Association, Philadelphia, 1980.

---

**Collection Number: AK2117**

**DELMAS TREASON TRIAL 1985 - 1989**

**PUBLISHER:**

*Publisher: Historical Papers, University of the Witwatersrand*

*Location:-Johannesburg*

*©2012*

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.